Publication: Beeld (Pretoria), Eiendomme & Veilings
Date: Friday, June 07, 2019
Page: 24

# Nuwe vlagskip sal die koppe laat draai

## Groen-gebou by Gautrein se Rosebank-stasie

Die land is in 'n tydperk waar indrukwekkende nuwe kantoorgeboue verrys en die stadsprofiele voortdurend verander.

'n Nuwe ontwikkeling wat die koppe gaan laat draai, is Growthpoint se groen-vlagskipkantooreiendom wat teen 'n koste van R1,3 miljard in Rosebank, Johannesburg, opgerig word.

Dié eiendom, 144 Oxford Road, met ruimte van 35 000 m², is deur Paragon Group ontwerp en is tans dié argiteksfirma se grootste projek.




'n Kunstenaarsvoorstelling van Growthpoint se nuwe vlagskip-kantoorontwikkeling in Oxfordweg, Rosebank. Die projek is daarop gemik om 'n vyfster- Green Star-ontwerpsertifikasie van die Suid-Afrikaanse Raad vir Groenbou (GBCSA) te verwerf.



**Die atrium trek oor al nege verdiepings en bied 'n visuele skakel met die buitekant.**

"Ons glo dit sal die voorste kantoorontwikkeling in Rosebank wees," sê Estienne de Klerk, uitvoerende hoof van Growthpoint.

Die gebou word opgerig om munt te slaan uit die stewige vraag na primagraad-kantoorruimte in die sentrale sakegebied van Rosebank, wat tans sterker is as in die nabygeleë Sandton en Melrose. De Klerk sê die gebou gaan ook 'n Workshop 17 hê, wat nuwe, gedeelde kantoorruimtes bied. Dié opsie van gedeelde werkruimtes bied huurders in geboue meer buigsaamheid en hulle kry ook die geleentheid om benewens 'n vaste huurkontrak bykomende ruimte op kort termyn te huur.

Die nege verdieping hoë gebou behels twee kantoortorings wat met mekaar verbind word deur 'n sentrale atrium. Die atrium strek oor al nege verdiepings en bied 'n visuele skakel met die buitekant, terwyl dit die dieper binnekant van die gebou van natuurlike lig voorsien.

Die hooffasade bestaan uit dubbelgeglasuurde fasades waarin donkergrys glas geïnkorporeer word.

Die projek is daarop gemik om 'n vyfster- Green Star-ontwerpsertifikasie van die Suid-Afrikaanse Raad vir Groenbou (GBCSA) te verwerf.

Rudolf Pienaar, Growthpoint se direkteur vir kantooreiendom, sê ten tyde van die konstruksie van die gebou word strawwe afval- en omgewingsbestuursprosesse toegepas.

Van die kernvolhoubaarheidseienskappe sluit in die dubbelglasfasade, 'n doeltreffende lugverkoelde verkoelingstelsel en doeltreffende beligting regdeur die gebou, sê hy.

Waterdoeltreffendheid word verkry deur reënwater op te vang vir besproeiing en die spoel van toilette. Die tuinuitleg om die gebou sal inheemse plante hê wat minder water gebruik.

"Die gebou is oorkant die Gautreinstasie, wat alternatiewe vervoeropsies aan huurders en besoekers bied." Fietsrygeriewe gaan ook beskikbaar wees vir okkupeerders.

Die hoofkontrakteur, 'n gesamentlike onderneming tussen Tiber en WBHO, is al sedert November 2017 op die perseel. Die verwagte voltooiingsdatum is Desember vanjaar.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.